Jag en Wildbeheer

"Totdat leeus hulle eie geskiedenisskrywers kry, sal alle jagstories altyd die jagter vereer"
- Onbekend

Doelwit: *Om kennis met betrekking tot jag en wildbeheer aan die Verkenner oor te dra.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.

ABC: Die jag van diere vereis van ons as verantwoordelike Christene en landsburgers om dit op 'n verantwoordbare manier te doen. Daarom moet ons diere beskerm en slegs skiet indien dit gebruik gaan word. Hier is die kultuuropdrag baie belangrik en moet dit duidelik aan die Verkenner uitgespel word sodat dit ten volle verstaan kan word.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	5 dae aaneenlopend	**Graadgroep:**	8 - 12
Aanbieding:	Die spesialisasie kan slegs tydens 'n kamp in die veld wat minstens vyf dae aaneenlopend duur, afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Die betekenis van die begrippe "bewaring" en "benutting" verstaan.*
2. *Kennis dra van:*
   - *2.1 Die uiterlike kenmerke van wildspesies, hulle habitat, voedselvoorkeure, teelseisoene en ander gewoontes.*
   - *2.2 Die verskillende metodes vir die vang van wild en die vervoer daarvan.*
   - *2.3 Die verskillende wildtel-tegnieke.*
   - *2.4 Jagetiek.*
   - *2.5 Die verskillende soorte jagwapens en kalibers, insluitende haelgewere en hulle aanwending.*
   - *2.6 Die hantering en vervoer van wapens, met inbegrip van die toepaslike veiligheidsmaatreëls.*
   - *2.7 Die instelling van gewere se visiere of teleskope.*
   - *2.8 Die aspekte van boogjag, wat insluit:*
     - *2.8.1 Die verskillende tipes boë en hulle aanwending.*
     - *2.8.2 Pyle en pylpunte.*
     - *2.8.3 Boogtoebehore.*
   - *2.9 Aspekte van voëljag, wat insluit:*
     - *2.9.1 Die verskillende metodes van voëljag.*
     - *2.9.2 Soorte jaghonde.*
     - *2.9.3 Die versorging van trofeë.*
   - *2.10 Aspekte betreffende die skootplasing op wild.*
   - *2.11 Aspekte van spoorsny, insluitende die verskillende tekens van wildspesies.*
   - *2.12 Aspekte van die jag van wild vir trofeedoeleindes, insluitende:*
     - *2.12.1 Die verskillende trofeemeetmetodes.*
     - *2.12.2 Die afslag van trofeediere vir die verskillende soorte monterings.*
     - *2.12.3 Die voorbereiding en vervoer van die trofee met die oog op taksidermie.*
     - *2.12.4 Die fotografering van trofeediere.*
3. *Ten minste 24 uur onder toesig van 'n offisier op 'n wildsplaas of wildreservaat deurbring vir die demonstrasie van die praktiese aspekte van die spesialisasie, insluitende:*
   - *3.1 Die identifisering van wildspesies aan die hand van spore en ander tekens.*
   - *3.2 Deelname aan die afslag van 'n wildsbok en die bewerking van die vleis.*
   - *3.3 Deelname aan 'n skietoefening met 'n ligter tipe vuurwapen.*
4. *Besoek bring aan 'n taksidermis.*

HOU KOERS